

**Wiskunde Graad 7****Kwartaal 1: Telgetalle; Eksponente, Meetkunde van 2D figure****Maart 2017****Totaal: 50****Vraag 1**

1.1 Skryf al die faktore van 48 neer.

---

1.2 Wat is die KGV (kleinste gemene veelvoud) van 12 en 14?

---

---

1.3 Wat is die GGF (grootste gemene faktor) van 24 en 60?

---

---

1.4 Watter faktore van 36 is ook veelvoude van 6?

---

1.5 Noem die priemfaktore van 50

---

1.6 Skryf 420 as die produk van sy priemfaktore.

---

**Vraag 2**

2.1 Vereenvoudig:

2.1.1  $3^3 =$  \_\_\_\_\_

2.1.2  $2^5 - 4^2 - 3^0 =$  \_\_\_\_\_

2.1.3  $\sqrt{100 - 64} =$  \_\_\_\_\_

2.1.4  $(8 - 3)^2 =$  \_\_\_\_\_

2.1.5  $10^2 \times \sqrt[3]{125} =$  \_\_\_\_\_

2.1.6  $a^2 \times a \times a =$  \_\_\_\_\_

2.1.7  $\sqrt{3^2 + 4^2} =$  \_\_\_\_\_

2.1.8  $(\sqrt{9})^2 + \sqrt{3^6} =$  \_\_\_\_\_

2.1.9  $x \times \sqrt[3]{x^{12}} =$  \_\_\_\_\_

2.1.10  $(7^2 + 4^2) - (14 - 2^3)^2 =$  \_\_\_\_\_ (10)

2.2 Maak gebruik van priemfaktore om die volgende te bereken:

2.2.1  $\sqrt{324}$

(2)

2.2.2  $\sqrt[3]{1728}$

(3)

### Vraag 3

3.1 Skryf die volgende verhoudings in hul eenvoudigste vorm:

3.1.1  $630 \text{ ml} : 1260 \text{ ml}$  \_\_\_\_\_

3.1.2  $1\frac{1}{4} \text{ uur} : 35 \text{ minute}$  \_\_\_\_\_ (2)

3.2 Verdeel R72 tussen Cara, Alta en Tania in die verhouding 2:3:4. Hoeveel geld sal elkeen kry?

(3)

- 3.3 'n Sekere plant groei 6,3 cm in 3 weke. Bereken die koers waarteen die plant groei in millimeter per dag.

(3)

#### **Vraag 4**

**Voltooi die volgende deur die ontbrekende woorde in te vul:**

- 4.1 'n Hoek van  $205^\circ$  word 'n \_\_\_\_\_ hoek genoem.
- 4.2 Die som van die binnehoeke van 'n driehoek is gelyk aan \_\_\_\_  $^\circ$ .
- 4.3 'n Driehoek waarvan een van die hoeke  $90^\circ$  groot is, word 'n \_\_\_\_\_ driehoek genoem.
- 4.4 'n Driehoek waarvan twee van die sye ewe lank is, word 'n \_\_\_\_\_ driehoek genoem.
- 4.5 'n Vierhoek met net een paar teenoorstaande sye wat parallel is, word 'n \_\_\_\_\_ genoem.
- 4.6 'n Lynsegment wat nie deur die middelpunt van 'n sirkel gaan nie , maar waarvan die eindpunte op die sirkelomtrek lê word 'n \_\_\_\_\_ genoem. (6)

#### **Vraag 5**


**Sê of die volgende stellings waar of onwaar is:**

- 5.1 'n Reghoek is 'n tipe parallelogram. \_\_\_\_\_
- 5.2 Die hoeklyne van 'n ruit halveer mekaar reghoekig. \_\_\_\_\_
- 5.3 'n Vlieër is 'n tipe ruit. \_\_\_\_\_
- 5.4 'n Vierkant is 'n reghoek met twee aanliggende sye wat gelyk is. \_\_\_\_\_

(4)


**Vraag 6**

Bestudeer die volgende figure en beantwoord die vrae:




6.1 Klassifiseer  $\Delta ABC$  volgens sye \_\_\_\_\_

6.2 Hoe groot is  $\angle ABC = \text{_____}^\circ$



6.3 Klassifiseer  $\Delta KLM$  volgens hoeke \_\_\_\_\_

6.4 Bereken die grootte van  $\angle LKM = \text{_____}^\circ$



6.5 Die radius van die bostaande sirkel is gelyk aan 4 cm. Wat sal die lengte van lynstuk  $SQ$  wees? \_\_\_\_\_

6.6 Hoe groot sal  $\angle ORQ$  wees indien  $\angle ROQ = 90^\circ$ ? \_\_\_\_\_ $^\circ$

6.7 Is  $\Delta STO$  kongruent of gelykvormig aan  $\Delta QRO$ ? \_\_\_\_\_

(7)

**TOTAAL: 50**